

24 Junie Jeremia 36: 20-32

Moenie God se waarskuwings minag nie

In die koue van die winter is daar seker niks aangenamer as om onbekommerd in die sonkamer by 'n gesellige vuur in die kaggel te sit nie. So geniet koning Jojakim onbekommerd die warmte van sy sonkamer in die yskoue van die winter. Ondertussen is dit winter in die geloofslewe van Israel. Die profeet Jeremia kry opdrag om sy profesieë neer te skryf in 'n boekrol. Koning Jojakim word ingelig oor die verskriklike oordele van hierdie profesieë. Hy laat die boekrol haal en voorlees. Na elke twee of drie paragrawe laat hy dit afsny en gooi hy dit demonstratief in die vuur. Hy reageer so anders as sy vader Josia (2 Konings 22:11-13) wat sy klere skeur wanneer hy die Wetboek herontdek. Jojakim minag die Woord en vrees nie die oordele daarvan nie. Hy bly onberouvol en verhard. God se Woord is egter self 'n hamer en 'n vuur (Jer. 23:29). Al kan die geskrewe Woord verbrand word, kan God se Woord nooit vernietig word nie. God laat sy Woord weer herskryf met een byvoeging. Jojakim se liggaam sal 'n yskoue simbool van die waarheid van God se Woord wees. Buite die stad, in die koue van die nag, sal sy liggaam in die veld weggegooi lê (vers 30).

Laat ons nooit die waarskuwings van God se Woord minag in ons onbekommerde en gemaklike lewe nie. Slaan ag op sy Woord, want ook die waarskuwings daarin sal voltrek word!

Sing Psalm 33:5

Ds. D.J. Bakker (Boksburg)